Sing vooraf staande: Psalm 2:1, 6 (p. 5)

1 Wat dring en dryf die wilde heidendom, / dat volke raas in opgewondenheid?
Gedugte konings staan gereed alom, / en wêreldgrotes raadslaag vir die stryd,
om God almagtig na die kroon te steek / en saam teen sy Gesalfde op te staan.
Hul sê: "Kom nou, laat ons hul bande breek / en van hul juk vir altyd ons ontslaan!"

6 Kom, dien die Heer en wees in Hom verblyd / met blydskap wat Hom huldig as die Heer,
en kus die Seun in onderworpenheid, / buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.
Want ligt'lik kan Gods gramskap jul verteer / net soos 'n vuur, eers alte klein geag.
Welsalig wie Hom huldig as hul Heer, / wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:2 (p. 157)

2 Sing nuwe sange, nuutgebore / uit aandrif van die skoonste kuns;
trompetgeklank deur tempelkore / moet danksê vir Gods nuwe guns.
Wat ons toegeseg is / in Gods Woord wat reg is, / het ons hart verbly;
en Gods almagsmerke / sien ons op sy werke – / waar en reg soos Hy.

Geloofsbelydenis Nicea

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes met: Psalm 51:5 (p. 261).

Wet

Psalm 51:5 (p. 261)

5 Verberg u oog, die vlammelig wat oor / my sonde brand en speur deur al my lede.
Was weg, delg uit my ongeregtighede, / herskep my hart wat wegdwing uit u spoor.
Gee my opnuut, o HEER, 'n vaste gees, / dat ek nie só weer van u baan mag gly nie!
Laat my voor U tog geen verstootling wees, /en neem u goeie Gees nie weg van my nie.

Gebed

U is die Lig van ons lewe, o Here, Die glans van U genade is vir ons alles – dit dra ons elke dag. U is die vreugde en krag van elke gelowige. U omstraal ons van alle kante, sodat ons weer in U huis is, en ons dank aan U betuig dat U ons as 'n gemeente saamgebring het om vir U te kan bid.

U is die Bouer van die geloof – bou ons geloof sodat ons kan glo dat ons sondes ons vergewe is in Jesus Christus. Sodat ons nie meer terugdeins vir u geregtigheid nie, maar dat ons besef dat dit juis ons redding is. Laat ons gedagtes in die week wat vir ons voorlê nie ydel, ons woorde nie ergerlik, en ons doen en late nie sondig wees nie. Maar laat ons op u paaie gaan. Laat ons nie onsself verhef nie, maar die eer van u en van ons naaste beskerm.

Here, ons ervaar die druk en spanning van die lewe. Daar is baie verkeerde dinge – soos die haat tussen so baie mense in hierdie land. Here ons weet dat al die dinge soos die baie moorde, verkragtings, korrupsie en onsedelikheid getuig van sonde en onbekeerlikheid – maar ons weet ook dat dit u strawwende Hand oor ons is.

Daarom bid ons vir verlossing en verandering uit u Hand. Sal U die besluite in elke raadsaal in ons land met u Gees beheer. Ons weet dat U selfs ongelowiges in diens van u eer gebruik. Mag ons by U ook pleit dat elke mens in hierdie land wat U nog nie as die ewige en enigste God bely nie – dat ook hulle tot bekering sal kom? Met u almag kan U enige hart van klip verbreek. Sal U ook in u genade die ongelowiges tot geloof bring, sodat ons weer U seën mag ontvang?

Voed ons na liggaam en na siel – ons vra nie 'n oormaat nie – net sodat ons U in beskeidenheid mag eer. Laat ons alles wat U ons skenk uit genade, gebruik tot u eer. Om Christus ontwil.

Amen.

Psalm 4:3, 4 (p. 15)

3 Wil jul aan Hom 'n offer gewe? / Die offer wat die HEER aanskou,
is in opregtheid reg te lewe, / en Hom alleenlik aan te klewe, / op Hom alleen jul hoop te bou.
Hoe baie vra terneergeboë: / Waar vind ons ooit die ware goed?
Verhef oor ons u Vaderoë, / sien op ons neer in mededoë, / verlig ons hart en ons gemoed!

4 U het my hart meer vreug gegewe / as ander smaak in volop-tyd,
as hul deur skyngeluk verhewe, / by mos en koring lustig lewe
en fees hou in kortstondigheid. / Ek sal gerus gaan slaap in vrede / en ongestoord lê ek my neer;
want U alleen verhoor my bede, / U waak oor my in teënhede, / dat ek kan veilig woon, o HEER!

Skriflesing: Esegiël 18:1-18 en Matteus 21

Teks: Esegiël 18:2b

Wat is dit met julle dat julle hierdie spreekwoord gebruik aangaande die land van Israel, naamlik: Die vaders het groen druiwe geëet, en die tande van die kinders het stomp geword? (Esegiël 18:2 AFR1953)

God eis geregtigheid. God bly regverdig.

- Tog protesteer ons so graag teen die wesenseienskap van God, naamlik geregtigheid.
- In ons teksvers hoor ons 'n protes: God doen onreg. Dit gaan teen God se geregtigheid waarvoor ons so bang is.

Die hoofstuk wat ons gelees het, is geskryf tydens die ballingskap.

- Die Jode het almal gedink dat die ballingskap oor hulle gekom het en dat die tempel verwoes is, nie vanweë hulle sondes nie, maar vanweë die sondes van hulle voorgeslagte.
- Die gedagtes het so geleef onder die Jode dat hulle naderhand 'n spreekwoord daarvan gemaak het: **Die vaders het groen druiwe geëet en die kinders se tande het stomp geword**.

Net so protesteer ons ook graag. Ons lees elke Sondag God se wet. Hy weet dat ons dit nie kan onderhou nie, en tog eis Hy dit van ons. Dis mos onregverdig, sê so baie mense!

Maar ons moet onthou dat ons só geskape was dat ons al die dinge reg kon doen.

- Ons het onsself magteloos gemaak deur aan God ongehoorsaam te wees.
- Met ander woorde, daar is geen onregverdigheid aan God se kant nie.

Dit is van die oudste tye af tot vandag toe die gebruik in Sirië en Palestina om groen druiwe te eet.

- As 'n mens nou groen druiwe eet, dan word jou tande stomp.
- Die idee van die spreekwoord wat Esegiël hier gebruik, is dat die ouers soveel groen druiwe geëet het dat hulle kinders se tande eintlik daarvan stomp geword het.
- Met ander woorde, die ou Jode het met hierdie spreekwoord gesê hulle dra geen verantwoordelikheid vir hulle sondes nie, dis hulle oupas wat soveel sonde gedoen het dat hulle daarvoor gestraf word.

Dit is tog hopeloos verkeerd, want net so min as wat 'n kind se tande stomp word as sy pa groen druiwe eet, net so min het 'n seun se pa te doen met die sondes wat hy doen.

Daarom vra Esegiël verontwaardig vir hulle: "Wat is dit dan met julle…?" Met ander woorde: Waar kom julle aan hierdie vermetelheid?

- God eis dat daar voldoen moet word aan sý eis van geregtigheid en daarom straf Hy die sondaars wat dit nie wil gehoorsaam nie.

- Dit is nou presies wat die Jode wou ontduik. Hulle wou maak asof hulle geen straf verdien nie – en iemand moes toe die skuld kry, naamlik hulle voorouers.

Is dit nou waar dat God een mens sal straf vir ’n ander mens se sondes?
- Nee, natuurlik nie.
- God sê tog baie duidelik in Esegiël 18:4:

  Die siel wat sondig – dié moet sterwe.

Ons beskou onsself tog te dikwels as onskuldige slagoffers van die sonde wat deur iemand anders (Adam en Eva of wie ook al) gepleeg is.
- Ons het baie keer die houding dat dit hulle sonde is wat op ons gewreek word.
- Ons dink dan dieselfde as hierdie klompie Jode wat in ballingskap gegaan het, naamlik dat God nou met ons presies die teenoorgestelde bereik as wat Hy met ons wil bereik.
- Die houding is dan as God my wil straf, stomp my gewete af en ek gee net nie meer om nie.

Weet dit: God sê die siel wat sondig, hý moet sterwe. Kan ons nou self betaal terwyl ons self gesondig het?
- Nee, ons is dan bankrot. Waarmee sal ons betaal?
- Niemand begeer die skande van bankrotskap nie, en daarom wil ons dit nie erken nie.

Dit is ’n huiweringwekkende waarheid dat ons skuld daagliks groei.
- In plaas van betaal, word ons skuld meer.
- Daarom buig ons beskaamd ons hoofde en bely: As daar weer tussen my en God orde sal kom, sal dit in elk geval nie deur myself wees nie.

Die pad van verlossing is van ons kant af volkome afgesny.
- Ons kan nie uit onsself betaal nie. Maar daar is hoop!
- Esegiël sê tog dat as iemand regverdig is, en reg en geregtigheid doen, hy regverdig is en sekerlik sal lewe, omdat die Here HERE so sê.

Hoe gebeur dit? Jesus vertel in Matteus 21 vir sy dissipels van ’n steengroef. Hier word klippe gekap om mee te bou.
- Die klippe wat klaar gekap is, word uitgesoek, en dié wat onbruikbaar is, word eenkant toe gegooi.
- Dit gaan alles oor die menslike oordeel wat maar swak is.

Net so maak ons in die lewe.
- Ons oordeel oor bruikbare en onbruikbare mense.
- Op dié manier het ons Christus verwerp deurdat ons Hom gekruisig het. Dan sê God: Hierdie steen wat julle mense, wat My koninkryk moet bou, verwerp het, gebruik Ek as ’n Hoeksteen. Met ander woorde, Christus word die Hoeksteen van ons verlossing.

Christus is vir ons die wet, omdat Hy die wet volbring het.
- Net soos wat ons teenoor Christus staan, staan ons teenoor die wet.
- Ons verwerp dit deurdat ons dit nie kan onderhou nie.

God doen geen onreg aan ons nie – Hy stel sy eis en dis ons wat dit nie kan hou nie.
- Hierdie selfde wet van God wat ons nie kan hou nie, dryf ons weer na Christus toe omdat Hy die wet vir ons vervul het.
- Dit is waarom ons die wet lees as ’n reël van dankbaarheid:
  - Omdat ons daardeur elke keer hoor wat ons nie kan doen nie, maar wat Christus dan vir ons volbring het.

- By Hom is redding en by niemand anders nie.
- Ons ken God se genade wat ons red in Jesus Christus.

As ons God se wet verwerp, sluit ons die pad na God toe. Want dis al manier hoe ons in die hemel kan kom – as ons die wet onderhou.

- God eis dat ons die wet onderhou en hierin maak Hy Christus ’n Hoeksteen.
- Christus word die Hoeksteen waarop ons redding gebou word. Dit gaan om ons verlossing!

Dit is vir ons ’n woord met goue klank. Die verlossing in Christus laat my sondes wegsterf soos ’n geluid in die nag.

- Dit is ’n geweldige voorreg dat Christus ’n mens word en vir my kom sterwe, want die engele het eerste gesondig, en Christus het nie vir hulle gesterf nie – hulle word nooit gered nie.
- Gaan God nou ons ongeregtigheid verskoon? Gaan Hy sy geregtigheid inboet? Ons wil mos graag ’n liefdevolle en vergewensgesinde God hê.

Nee. God wil dat sy geregtigheid moet geskied.

- Hy vergewe ons nie sommer so maklik soos wat in die gelykenis van die verlore seun gebeur nie.
- Ons moet ook nie vergeet dat ons verhouding tot God nie dié van ’n verlore seun tot sy vader is nie.
- Ons staan in die verhouding van opstandeling/rebel tot sy koning. Ons staan voor God soos misdadigers voor ’n regter.

Wat sal ons nou dink van ’n regter wat alle misdaad oorsien en al die skuldiges vryspreek.

- Nee, dit word by God in die wortel afgesny. Dit pas nie eers by ’n mens om so te wees nie.
- Hoeveel meer sou God nie sy Godheid inboet as Hy die sondes en ongeregtigheid laat lewe nie.

Die Kategismus sê God wil die sondes tydelik en ewiglik straf. Die profeet Jeremia sê:

> **In dié dae sal hulle nie meer sê nie: Die vaders het groen druiwe geëet, en die tande van die kinders het stomp geword. Maar elkeen sal weens sy eie ongeregtigheid sterwe; elke mens wat die groen druiwe eet, sy tande sal stomp word.** (Jeremia 31:29-30 AFR1953)

In Matteus 21:44 staan spresies dieselfde, maar net in ander woorde:

> **En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel.** (Matteus 21:44 AFR1953)

Die saak is verskriklik ernstig. Dink aan die woorde van die profeet Jeremia:

> **Keer terug, o afkerige kinders, spreek die HERE, want Ek is heer oor julle; en Ek sal julle neem, een uit ’n stad en twee uit ’n geslag en sal julle in Sion bring.** (Jeremia 3:14 AFR1953)

Wat dan nou van God se barmhartigheid en sy liefde?

- Barmhartigheid sluit nie regverdigheid uit nie.
- God se geregtigheid is juis die stempel van ons evangelie.

Die evangelie wat ons verkondig, is ’n evangelie van vergifnis van sonde – nie ’n evangelie van verskoning nie.

- Wanneer God ons ons sondes vergewe, handhaaf God sy geregtigheid én die straf vir die skuld.

- Want Hy straf Jesus Christus vir ons sondes. Christus dra God se toorn vir ons, en daardeur volg ons verlossing.

God se geregtigheid bring Christus aan die kruis.

- God verwerp Christus nie, maar gee in Christus ’n Middelaar om aan ons sy barmhartigheid te bewys as Hy ons ons sondes vergewe.
- Dit beteken dat God se barmhartigheid ons keer om in ’n lamlendige lewenshouding en geesteslewe te verval.

Met ander woorde, ons kan nie gaan agteroorsit en sê:

- Laat ek in sonde leef, want ek kan tog nie beter nie, en buitendien, Christus het vir my betaal, nie.
- Nee, die volle verantwoordelikheid rus nog op my.

God eis ’n uitverkore Hoeksteen wat ons en God aan mekaar bind.

- Laat ons as gelowiges nou ophou om te protesteer, en laat ons bid dat ons mag deel in God se genade.
- Laat ons ophou protesteer en die evangelie van vergifnis deel, want Esegiël sê dat elkeen wat regverdig is en geregtigheid doen, sal lewe, omdat die Here HERE so sê.

Wanneer het God gesê dat ons sal lewe?

- Sommer vroeg in die Bybel al, toe God vir Eva gesê het dat haar saad die slang se kop sal vermorsel.
- Want daarmee het God gesê dat Christus die Hoeksteen sal wees wat die wet vir ons volbring, sodat ons kan lewe.

Amen.

Slotgebed

Ons dank U, o Here onse God, dat U ons nie in die dood gelos het nie, maar dat U aan ons vergewing van sondes gee en daardeur die hoop op ’n nuwe lewe. Deur Jesus Christus.

Amen.

Slotpsalm 68:16 (p. 337)

16 Hoe vreeslik is U, HEER, alom / uit u verhewe heiligdom, / omring deur sterkte en ere!
Dis Isr'els God wat wonders werk / en wat sy volk met krag versterk: / U loof ons, HEER der here!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 9 Mei 2010